Sesde uitgawe - 2013

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley 082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As 074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit 012 567 2520
- Sekretaresse – Marianne Erwee 083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak 083 388 4736
- Addisionele lede : Otto Koekemoer Martin Kruger Johan Els Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by: jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van ons voorsitter	1
Briewe bus / vra is vry	2
SABA Convention 2013	4
Vergadering 2 Novemeber	10
Snippets	13
Dierbare afrikaans	14
Terugvoering oor dem boom	20
Hoogste aangeplante boom	21
Lede profiel	22
Kalender	24

Van ons Voorsitter.

Nog 'n jaar, 2013, is verby

Nog 'n jaar het verby gevlieg en Kersfees is voor die deur. Ek wil net dankie sê aan almal vir 'n wonderlike jaar. Dit was weereens lekker om tyd met julle deur te bring en oor ons stokperdjie en ander dinge te kon gesêls. Dankie ook vir die goeie gees wat in die Kai heers. 'n Mens sien daarna uit om die vergaderings by te woon.

Dan wil ek vir julle almal en jul families, 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe jaar toewens. Mag dit 'n geseënde tyd vir julle wees saam met julle familie en vriende.

Die van julle wat gaan ry, ry veilig en geniet julle tyd af, ontspan en vergeet van al die probleme. Wanneer julle terugkom ry versigtig en kom weer veilig tuis. Die van julle wat by die huis bly, sterkte. Ek hoop julle gaan ook tyd inruim om 'n bietjie te rus.

Bonsai groete

Org

Geseënde Kersfees!

"Mag klein boompies tot groot vriendskappe lei". Louis Nel

Briewe Bus / Vra is Vry

Jaco

Tydens my besoek aan Kaapstad gedurende September het ek die tuin en kwekery van Rudi Adam in Durbanville, asook die Universiteit Stellenbosch se botaniese tuin besoek.

Rudi het besondere bonsai in sy versameling, onder andere ’n Olien (Olea europaea subsp.africana) wat ongeveer 150 jaar oud is en in 1994 uitgegrawe is. Hy het ook baie groot bonsai soos byvoorbeeld ’n Moeras sipres.

Saterdag 5 Oktober het Rudi ’n pragtige boek met die naam “Bonsai: bemeester die kuns.” in Kaapstad bekend gestel. Dit is ’n baie leersame boek met lieflike illustrasies.

Ek het ook na Louis Nel se bonsai wat tans in die Universiteit Stellenbosch botaniese tuin is gaan kyk. Daar was toe juis twee lede van die Bolandse bonsai klub besig om die boompies te snoei. Die bome is baie goed versorg en nog steeds ’n lus vir die oog.

Groete Esther.

Esther by van Rudi Adam se bome en kwekery.

Op die volgende bladsy is fotos van oorlede Louis Nel se bome.

Briewe Bus / Vra is Vry

Van oorlede Louis Nel se bome in die Universiteit Stellenbosch botaniese tuin.



SABA Convention 2013

The SABA 2013 convention was hosted by the Eastern Bonsai Society (EBS). And WOW…..what a convention it was! Great international demonstrators, great local demonstrators, great food. And everything was well organized and ran smoothly. Surely everybody who attended learned a lot and enjoyed it thoroughly. Thanks to EBS.

The international speakers were Michael Hagedorn from Portland USA, Rob Kempinski from USA and Walter Pall from Germany. To give a full report of everything that occurred over the four days will take up a lot of pages, therefore only some photos of some of the demonstration trees are placed.

Tommy Ramiah, Chairperson of the EBS Convention Committee, has one important motto in bonsai and that is the four letter F word……..FUNN.

Left: Tommy displaying his four letter F word motto in bonsai.

Below: Some T-shirts observed at the convention.



SABA Convention 2013

Michael Hagedorn is from the USA. He did an apprenticeship under Kokufu and Prime Minister award-winning bonsai master Shinji Suzuki of Nagano, Japan in 2003. Michael creates, teaches, and writes about bonsai. He has an MFA from The New York State College of Ceramics at Alfred University, and made bonsai containers in the 1990's under the name 'Crataegus Bonsai Containers'.
He believes that bonsai is best when the artist is invisible. This is like a puppet show; we should not be seen. So that whenever we get the impulse to be in front of the curtain rather than behind it, remember to keep technique minimal, and be content with playing a supporting role to a tree. And then, one of the wonderful things about bonsai is that our medium eventually takes over possession of itself once more, and it is no longer a fingerprint of an artist, but is simply a tree again. The evidence of its creation has long since disappeared. That's magical!'

Below: Michael refined this Juniper.

Below: Michael styled this Buddleja.

Below: Michael styled this Juniper into a natural style which reminds him of trees seen in South Africa.

SABA Convention 2013

Walter Paul lives near Munich Germany in sight of the Alps. He started with bonsai in 1980 as a hobby. After a career as top manager in the Electronics and consulting industry he decided in 1990 to become a part time bonsai professional. Today Walter is one of the most popular artists who has performed on most international stages. His lectures are a treat. Walter believes in naturalistic bonsai. He has received several dozen national and international awards for his beautiful bonsai.

Below: Walter styled this Buddleja. The top was carved and burned with a flame.

Below: Walter styled this Wild Olive into a natural style.

Below: Walter refined this Wild Olive. It is a tree that he styled in 2002 at the Pretoria convention. The piece of paper on the right will be taken off in future when the branch has thickened.

SABA Convention 2013

Robert Kempinski works at Cape Canaveral Space Center as the Director of System Management for Space Coast Launch Services. He resides in Florida USA with his wife and daughter where he maintains an excellent collection of bonsai trees and provides bonsai instruction.

He has had several trees displayed in the Japanese Top 100 Bonsai Trees in the World Competition and in shows across America, including the annual Walt Disney World Bonsai Display where over 400,000 people each year view the trees and the World Bonsai Convention. He is currently 1ste vice president of Bonsai Clubs International. Rob has written numerous articles about bonsai for The American Bonsai Society Magazine, Bonsai Clubs International Magazine, Florida Bonsai Magazine, and the Bonsai Today Magazine On-line. He has travelled all over the US and the world, including Japan, Taiwan, Korea, and India studying bonsai and giving bonsai lectures and demonstrations.

Left and below: Rob worked on this Fig. He demonstrated how to air layer roots to the nebari where roots were lacking.

Right and top: Rob styled this Silver Oak.

Below: Rob drew what he saw this Fig could become in the future.

SABA Convention 2013

Below: Erika Köhler (with the ever present friendly Fred at her side) created this mountain scene.

Below: Carl Morrow refined this Pyracantha.

Below: Gary Howes and Farouk Patel created a very natural African dry river scene.

SABA Convention 2013

Left and below: Juan Duvenage and Linda Pieters created the ocean scene.

Left: Tobie Kleynhans, Mark van der Merwe and Earl Jeffreys created a windswept scene.

Below: Some of the Pretoria Kai members who attended the convention.

Vergadering van 2 November 2013

Ons het saam met die Suikerbos Bonsai Kai vergader by die huis (plaas) van Hannes Fritz net buite Heidelberg. En was dit ’n lekker affere? Daar was so 27 lede van Pretoria en ook (ek het vergeet om te tel) ’n hele klomp lede van Suikerbos. Ons kon Hannes se spog opset en bome besigtig. Die mooiste uitleg met pragtige Koi dam en ‘reuse’ Koi, om nie te praat van sy bonsai nie. Met so ’n opset is dit seker vir Hannes ’n versoeking om net heeldag aan sy bome te werk. Nadat Hannes ’n demonstrasie en praatjie gegee het oor die klein blaar Privet (Ligustrum) het ons heerlik saam vleis gebraai en gekuier.

Vervolg op bl 11

Vergadering van 2 November 2013

Hannes sê dat die groot blaar Privet ‘rubbish’ is. Dit is verbode om hulle te groei. Die kleinblaar Privet is egter baie geskik vir bonsai. Hulle is in die verlede (dalk nou nog) baie gebruik vir heinings. Hulle is baie gehard en kan erg gesnoei word en loop weer maklik uit. Hannes se pa is ’n tuinboukundige en het so 15 jaar gelede omtrent 60 bome wat as heining gegroei het uitgehaal. Hannes het so 10 van daardie bome gekry waarmee hy spog bonsai gegroei het. Hulle groei ook maklik van saad en stiggies.

Privet is ‘high maintenance’ en vra dubbel soveel water en voeding as ander bome. Hannes snoei ook sy Privets 5 tot 6 keer per jaar. Hulle raak baie dig en binne takke kan vrek. Snoei dus bietjie oop. Takke raak vinnig dik. Hou bo yler en laat onderste takke dikker word. Jong bome kan elke jaar oorgeplant word. Na ’n jaar se groei is die hele bak vol wortels. Hulle is baie geskik vir tipiese Japanese style. Die hout is sag en vrot maklik. Hulle vat bedrading goed maar takke is baie bros. Hulle loop egter maklik weer uit as takke breek. Hannes gebruik ’n groeimengsel van 70/30 kompos tot gruis, omdat hulle honger bome is. Hy maak sy eie kompos. Hy gee gereeld voeding, seker dubbel soveel as sy ander bome, en hou veral van Nitrosol.

Hannes het baie raad gegee terwyl hy ’n boom gestyl het. Hy het gewys hoe hy twee takke gelyk bedraad. Hulle anker dan aan mekaar. As ’n boom se stam ’n sekere styl het moet die takke die selfde styl hê. In die natuur kan takke oor mekaar wees maar nie in bonsai nie. Bonsai is kuns. Takke word gespasieer sodat almal lig kry. Privet se blare is teenoor mekaar en as jy afsny bo blare loop hulle dus op twee plekke uit.

Vervolg op bl 12

Vergadering van 2 November 2013

Hannes het die demonstrasie boom redelik gesnoei en toe bedraad. Hy sal die draad hierdie groei seisoen aanlos want die bak waarin die boom is is nie groot nie, dus sal die boom nie vining groei nie en draad sal nie maklik insny nie. Hannes glo dat die wolkies (foliage pads) in hulself ook vlakke moet hê. Wanneer hy ’n boom styl begin hy onder, maar wanneer hy snoei begin hy bo. Dit is sommer sy eie manier van doen.

Hannes het ’n tak wat so effens van agter kom af en om gebuig om in ’n posisie te plaas waar hy sy eerste tak wil hê. Hy het gewys hoe hy die bas van die tak en die stam versigtig afhaal sodat die kambium wys. Hy plaas dan die twee kambium lae styf teen mekaar en bind stewig vas. Hy het die hele plek geseël. Wanneer die tak op die stam vat sal hy geleidelik die agterste tak afsny sodat hy net vanuit die nuwe plek aan die stam groei.

Die boom het baie mooi uitgekom en behoort ’n spog boom in die toekoms te wees.

Dankie aan Hannes en sy vrou Thelmarie wat hulle huis en hulle gasvryheid beskikbaar gestel het vir ’n heerlike bonsai dag!

Law of Probability

The probability of being watched is directly proportional to the stupidity of your act.

Snippets

Our Environment.

Re-using a product that you'd normally throw out is the most basic form of recycling.

Re-using something for the same purpose for which it was originally intended or for another purpose (re-purposing) means that there is less waste.

If you must buy bottled water - then buy the largest container and fill your small bottles for ease of use.

Inspirasie uit die natuur

Martin Joubert het hierdie foto van Jakaranda bome wat tans in blom is in Pretoria gestuur. (Ek weet nie of hy self die foto geneem het nie) Dit is dus van pas om die foto te plaas aangesien ons van Pretoria is en tans sulke tonele sien.

Die Jakaranda is natuurlik nie baie geskik vir bonsai nie, alhoewel daar lede is wat Jakaranda in hulle versamelings het. Die mooi natuurlike tak struktuur is egter iets wat ons in bonsai kan naboots.

Dierdare Afrikaans —deur Dr Pieter Loubser

DIERBARE AFRIKAANS

(....en bonsai)



Ek het onlangs 'n lys met verstommende raak Afrikaanse uitdrukkings per internet ontvang. Dit het my laat jeuk om 'n klompie daarvan (en nog ander) te gebruik in 'n minder ernstige artikel oor bonsai. Ek geniet my taal baie en bedoel nie om aanstoot te gee nie. Laat my dus asseblief toe om te terg met van hierdie juwele soos Jan F Celliers met:

"*Die vaarlandshart en grote gees*
sal, tot die end ons leier wees –
die rotsvas-staner,
die vryheidsbaner,
die Afrikaner."

En DJ Opperman stel dit so:

"*Ek is 'n Afrikaner!*
So staan Hollanders, Duitsers en Franse saam
met die hiergeborenes onder daardie naam."

Bonsai is vir almal. Bome praat met visuele taal. Liggaamstaal. En daar's nie 'n woordeboek vir daardie taal nie. "*Hollanders, Duitsers en Franse saam, kweek bome onder daardie naam*"! My variasie op die tema.

Ek het hierdie olienhout jare gelede uitgegrawe naby Uitenhage en hoewel dit nie geword het wat ek gedroom het nie, is dit stadig besig om vorm te kry. Ek glo aan Walter Pall van Duitsland se idee van "*naturalistiese bonsai*" en u soek dus verniet na die mooi klompies (wolkies) blare op die takke in enige van my veronderstelde bonsai.

Vervolg op bl 15

Dierdare Afrikaans

Hierdie spesifieke Olien dra selfs in die somer blomme en soms vruggies. Jare gelede het Jopie Fourie, nie verwysend na bonsai, natuurlik, kort voor sy teregstelling in 1914 gesê dat "*die boompie wat vandag geplant en met my bloed benat word, sal groei en groot word, en heerlike vrugte vir ons volk dra*". En ook nie verniet dat Marius Jooste so ernstig is met "*Ons is wel Boeremense, maar ons is nie blêrrie bobbejane nie*". Die terloopse is dat Jooste hom vererg het teenoor Gert Beetge oor formele drag wat voorgeskryf was vir 'n dinee. Reëls, reëls, reëls. Nou-ja…..is bonsai formeel van aard? Hoe streng moet ons in bonsaikringe wees oor reëls van ontwerp, en meer? Veral in Suid-Afrika waar bonsai maar 'n skadu is van die intense kuns en leefwyse in plekke soos Japan. Skep ons en kniel ons voor ons eie skeppings?

Ons sukkel selfs om ons pragtige taal mooi te kan aanwend om die prosesse en tegnologie in bonsai te beskryf. Kom ons luister na Jan Rabie wanneer hy sê: "*Afrikaans word aangekla as vasgekeerde boelietaal; laat ons nou skryf om Afrikaans alles te laat uitsê, oopsing, volledig van terroris tot vryheidsvegter"*. Amanda Strydom stel dit so pragtig met "*My asem gly deur my taal. Ek word verlei deur my taal*" in "*Hoor hoe brom die wind*".

En glo my, dis lekker want ek geniet ook my taal en ek sê dit reguit: "*Ek sit nou so lekker ek staan sommer op en sit weer*". En nou dat ek sit, kan ek na my bonsai kyk en hulle geniet.

Ek wil twee kontrasterende bonsaivoorbeelde van dieselfde spesie teenmekaar stel en onder andere dink oor wat genoeg is om van te lewe, selfs goed te lewe. "*Kort en dik, of lank en lenig? Hoekom nie dik en lank nie*?" was die tannie se antwoord in 'n grappie. Langenhoven beveel aan dat ons "'*n man moet beny weens sy spaarsaamheid en volharding en later hoef jy hom nie te beny oor sy onafhanklikheid nie*". Jim Smith se Conocarpus ("Buttonwood") hieronder, is baie kompak sodat ons dalk kan sê: "*Hy is so kort hy slaan sy broekspype om*", maar die een daarnaas is net mooi die teenoorgestelde "*Hy's so maer, as hy verby 'n wit muur loop, lyk hy kompleet soos 'n bewegende kraak*".

Vervolg op bl 16

Dierdare Afrikaans

En steeds bly ons bonsaistileerders besig met verneuk. Ons huisbediende het baie jare gelede aan my ma vertel dat "*'n lieg 'n plan is*"! Ons skep miniature wat op 'n foto nes die werklike boom lyk. Kyk gerus na hierdie pragtige volgende een wat ek via BonsaiBark raakgeloop het. Dit behoort aan Manh Vu Van en is 'n verstommende stukkie werk om 'n natuurtoneel in die miniatuur na te boots of eenvoudig die natuur voor te stel. Indien ek Vu Van was, sou ek nie skaam gewees het oor hierdie kunswerk nie.

Ek dink nie Vu Van dink oor verneuk nie. Hy's nie soos die persoon wat so "*skelm is , dat hy onder 'n skuilnaam moet bid*" nie! En dit het niks te make met onnoselheid nie. Skelms is nie noodwendig onnosel nie. Net soos hierdie kunstenaar (nie 'n skelm nie) hieronder, wat nooit nodig het om die boompie water te gee nie want dis van draad gemaak. En hy het my verneuk tot ek my vergrootglas gebruik het. Ek plaas hierdie foto so klein soos moontlik sodat u nie my *domgeid* so maklik sal kan sien nie. Of soos iemand dit gestel het: "*Hy is so dom, hy dog Sherlock Holmes is 'n behuisingskema*". 'n Ander persoon dink dalk ek is "*so dom die hoenders byt my*" Maar nou-ja "*Op die Indiër se plaas lê die hoenders samoosas*". En so gaan dit aan.

Dis duidelik dat hierdie draadkunstenaar met ons die "*draak steek*". Solank dit nie "*'n steen des aanstoots*" is nie en die "*aap uit die mou gelaat is*" waaroor ek aan die gorrel is. Soms dink ek dat ek eerder "*'n man van twaalf ambagte en dertien ongelukke*" is en ek "*van bakboord na stuurboord*" vaar met my sienings. Gelukkig het ek intellegente lesers wat weens "*goeie begrip, net 'n halwe woord nodig het*". Ek hoop steeds dat "*my bont varkie nie weg is nie*", maar ek sal tot by "*oom Daantjie in die kalwerhok* " dink dat ek "*nie so groen is dat 'n koei my sal vreet*" nie.

Vervolg op bl 17

Dierdare Afrikaans

Dis definitief nie oneerlik nie en daarom kan hierdie kunstenaar gaan slaap sonder ‘n gewete wat hom/haar aanspreek, want kom die donker het ons tyd om te oordink aangaande ons dade. Ons “*almal het gewetes, maar soos Eskom sit ons dit af om in die donker te kan konkel*”. Die bonsai volgende gewys, het min krag en dit teer op die res (Eskom?).

Maar soms word ons die ander sy van die werklikheid gewys soos Manh Vu Van se skepping hierbo met die landskap reggekry het.

Klaarblyklik het Manh Vu Van baie ondervinding op die gebied van Suiseki-skepping. Hoe dan anders? Hierdie pragtige Afrikaanse uitdrukking vertel ons iets van hoe nodig ondervinding is want ”*ondervinding is iets wat jy eers kry nadat jy dit nodig het*”! Hy is beslis nie in daardie kategorie nie waar “*almal die voorreg kry om onnosel te wees. Net jammer party maak misbruik daarvan*”.

Ons gewone bonsaistileerders staan dikwels in verwondering oor die pragtige werk deur sommige kunstenaars. Sulke prestasies kom nie sonder arbeid en toewyding nie. Dis ‘n passie vir sommige en juis hulle skep die pragtige werke. Ek herinner my aan ‘n storie aangaande Gary Player wat sou gesê het “*dat hy meer gelukshoue het, hoe meer hy oefen*”. Juis daardie aspek gee my ruimte om te dink dat ek nog lank het om ‘n meesterstuk uit te dink. “*Die mens is op aarde geplaas om ‘n sekere hoeveelheid werk te doen. Op die oomblik is ek so ver agter dat ek nooit dood sal gaan nie*”. En kennis? “*Die luister word kennis en die kennis huiwer op die randjie van begrip*”.

Vervolg op bl 18

Dierdare Afrikaans

Die pragtige Cotoneaster (hierbo) in herfs (Bill Valvanis s'n) vertel tog van ouer word, jaar na jaar. Seisoen na seisoen. Dis waarskynlik 'n bietjie kras om te meld oor "*die dame wat so baie plooie het dat sy haar hoed moet opskroef*"! Maar nou ja, as plooie 'n probleem is, volg die raad dat "*drank nie probleme oplos nie, maar so ook nie melk of water nie*".

Die volgende bonsai laat my wonder oor illusie.

En om aan elke geslag ewe veel aandag te gee, moet ek die volgende prentjie ook wys.

Vervolg op bl 19

Dierdare Afrikaans

Wanneer ek sulke briljante spel met bonsai en rekenaars raakloop, staan ek op die sypaadjie, buig my hoof en sê: "*Ons kan nie almal helde wees nie. Iemand moet langs die pad staan en hande klap*". Juis daarom is daar diegene wat hoog vlieg, applous kry en belangrik is, maar daar is 'n troos in vir ons gewone mense dat "*arende dalk hoog vlieg, maar ons muishonde word nooit deur 'n vliegtuigmotor ingesuig nie*".

En dis belangrik om te lag. Daar is laggroepe in Japan om ons te leer hoe belangrik dit is om te lag. Ons maak almal foute. Kners op jou tande, maar uiteindelik, lag vir jouself. "*As jy vir jouself kan lag, dan het jy iets om oor te lag*" en waaragtigwaar "*as jy lyk soos jou paspoortfoto, dan het jy 'n reis nodig*"!

Jy is al die tyd op reis êrens heen. Maak jou las so min moontlik, maar "*die luiaard is die enigste man wat van sy slaap sal moet rekenskap gee*", volgens Langenhoven. En dan reken hy ook dat "*hy so besig was om kanse te soek dat hy sy geleenthede een vir een laat verbyglip het*." So ook sy aanbeveling dat jy "*in die somer moet hout bymekaar maak om in die winter by die vuur te kan sit*".

Kort en dik? Ek het net tevore hieroor iets gesê, maar meer hieroor sluit in: "*Jy mag nooit meer as jou yskas weeg nie*!" Dis 'n swaar straf. Dalk "*gooi jy 'n swaarder skaduwee*", maar dit help as "*jy in die donker wandel, want dan het jy nie 'n skadu nie*"! Dis miskien nie sulke goeie raad nie want "*'n skadu is aan ons mense gegee as daardie sigbare gedeelte van 'n gewete. As jy nie jou skadu kan saamneem nie.....moet dan nie daar gaan nie!*". En as jy jou hieroor vererg: "*Ek het nie rooi hare nie, maar my humeur is so kort soos ek*."

En nou gaan ek in die donker slaap. Ek het die skryf hiervan geniet. In my eie taal. Bonsai praat met ons.

Groete,

Pieter Loubser

Die wêreld se hoogste aangeplante boom—deur Dr Francois van As

Ek het gedurende September weer besoek afgelê in Tzaneen en lees toe 'n berig in die plaaslike koerantjie, die Letaba Herald, wat toe aanlyding gee tot hierdie skrywe.

Het u geweet dat die wêreld se hoogste aangeplante boom in die Houtbosplantasie, in Magoebas-kloof, naby Tzaneen in die Limpopo provinsie groei.

Die Stellenbosch gebaseerde boomkenner, Leon Visser, het in 2011 die wêreld se hoogste aangeplante boom, 'n Eucalyptus Saligna (Bloekom) hier ontdek. Die hoogte was toe vasgestel op 80m. Hierdie boom is een van 'n aantal bloekoms wat in 1906 hier aangeplant is. In Januarie vanjaar het Visser en 'n groep van vyf internasionale boomkenners teruggekeer na die spesifieke plek met die doel om dié boom weer te meet deur dit fisies uit te klim tot bo. Hierdie keer is die boom se hoogte vasgestel op 80,3m. Die boom verbeter toe dus sy eie wêreldrekord met 0,3m. Terwyl Visser in die boom sit merk hy op dat die boom langsaan hoër lyk as die een. Hy kon sy nuuskierigheid nie beteuel nie en besluit toe om die boom ook te klim. Met die hulp van 'n paal word hierdie boom se hoogte toe vasgestel op 81,5m, 'n nuwe wêreldrekord. Daar word nou bespiegel dat die hoogste boom in hierdie plantasie nog nie ontdek is nie.

Leon Visser verskyn regs op die foto (www.looklocal.co.za)

So terloops, die hoogste boom in die wêreld is in 2006 in die Redwood National Park in California, VSA, ontdek. Dit is 'n "coast redwood" (Sequola sempervirens) en het 115,72m hoog gemeet (www.monumentaltrees.com)

Francois van As

Lede profiel - Marianne Erwee.

Marianne is ons kai se sekretaresse, en hierdie taak doen sy al vir ’n hele klomp jaar. Vandat die eerste Koeda in 2009 gedoen is is haar naam al op die lys van bestuurslede en wel as sekretaresse. En ons weet dat geen organisasie ordentlik kan bestaan sonder ’n goeie sekretaresse nie. As jy byvoorbeeld hierdie Koeda in die pos ontvang het (en nie per e-pos nie) is dit omdat Marianne hom aan jou gepos het.

Marianne was ook vir ’n tyd in beheer van ons biblioteek.

In haar vrye tyd is sy ‘n tuisteskepper wat sorg vir haar man Kobus, twee seuns en ’n dogter (wie ons gereeld by ons byeenkomste sien as ons jongste lid). Die gesin het natuurlik die baie hartseer ervaring gehad dat die oudste seun ’n tyd gelede tragies in ’n motorfiets ongeluk oorlede is. Marianne en Kobus is al 22 jaar getroud.

Marianne hou baie van tuin maak en het ook al aan verskeie tuin klubs behoort. So het sy omtrent dertien jaar gelede saam met ’n tuin klub by die huis van Charles Ceronio vergader en daar Charles se bonsai boompies gesien, en natuurlik dadelik belanggestel. Soos ons Charles ken het hy haar daar en dan gewerf om by die Pretoria Bonsai Kai aan te sluit. Marianne is dus nou al omtrent dertien jaar lank lid van die kai.

Haar eerste boom waarmee sy dertien jaar gelede begin het leef nog steeds en is in haar versameling.

Marianne sê dat om aan bonsai te werk vir haar baie terapeuties is. Sy weet nie regtig hoeveel bome sy tans het nie. Sy werk die graagste met Wilde vye, Olienhout, Doringbome asook Spekbome. Sy het ’n baie groot Bougainvilla wat langs haar swembad staan waarvoor sy baie lief is. Sy hou baie van die platkroon styl.

Marianne hou ook baie van naaldwerk doen. Sy is ook kunstig en doen graag verskeie aktiwiteite in kuns.

Marianne word baie inspirer by die kai en geniet dit baie omdat die kai lede vir haar voel soos ’n tweede familie. Sy leef baie naby die Here wat haar inspirasie in die lewe is.

Wanneer ’n boom van haar vrek is sy baie hartseer. Gelukkig gebeur dit nie meer dikwels nie want sy het die kennis om haar bome goed te versorg. Sy is baie gelukkig by die kai en voel dat die kai goed funksioneer en suksesvol is.

Sy is ook tevrede met haar bonsai en is tevrede oor haar vordering wat sy maak en streef daarna om die bome wat sy het goed te versorg en aan die lewe te hou.

Baie dankie Marianne vir jou bydra in die kai!!

Vergadering van 7 Desember 2013.

Daar het ’n hele paar lede aan bome gewerk voor die vergadering. Org het beplan om ’n foto vertoning te wys van sy besoek aan China maar toe was die krag af. Org het toe kortliks vertel van sy ervaring en van sy memorabilia gewys wat hy gekry het. Hy sal hopelik in die komende jaar die foto’s wys.

Daarna is lekker gekuier, gebraai en saam ge-eet. Dankie aan almal wat slaaie en poeding geneem het waarvan almal kon eet.

Vergadering van 7 Desember 2013.

Bonsai Kalender — Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Januarie en Februarie?

- Hierdie is van ons warmste maande en watertoediening bly ons hooftaak tot aan die einde van die somer. Bome in vlak potte mag twee maal per dag water nodig hê.

- Hou maar 'n oog op peste soos plantluise en ruspes wat nou aktief is en behandel vroegtydig. In droë weersomstandighede kan die loof van bome wat onder rooispinnekop deurloop ook natgemaak word. Dit is 'n effektiewe manier om van die pestelensies ontslae te raak.

- In ekstreme son moet die meer sensitiewe bome beskerm word teen die skroei van blare. Skuif hierdie bome na meer skaduryke areas.

- Hou aan om lang lote te snoei. Bome wat hard teruggesnoei word moet ook in 'n skaduryke area geplaas word.

- Gaan takkies na wat gedurende laat winter en die lente bedraad is. Verwyder bedrading voordat littekens gevorm word. Nuwe bedrading kan egter nog steeds gedoen word maar wees bedag daarop om nie onverharde hout te beskadig deur die bas en kambium af te skraap nie. Die draad kan ook maklik insny aangesien die bome steeds verdik.

- Voeding is steeds belangrik en vloeibare voedingstowwe kan 'n goeie idee wees. Die toediening van bemesting kan teen Februarie verminder word aangesien dit nie meer nodig is om groei aan te moedig nie.

Bonsai-groete

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.